

KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 59 27 Maart 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Regstelling

Kennisgewing

REDAKSIONEEL

Paasfees 2015

Dit is volgende Vrydag Goeie Vrydag, die begin van 'n Paasnaweek wat (in ons gebede) vir almal 'n geseënde tyd mag wees. Vir die soveelste keer val die Paasnaweek op 'n ander naweek as die vorige keer. Dit impakteer op die April vakansie en baie mense se denke rondom sake- en persoonlike beplanning.

Tradisioneel is daar nuusdekking vir die viering van die Paasfees dwarsoor die wêreld. In die proses raak mense daarvan bewus dat die Grieks-Ortodokse kerk Paasfees oor 'n ander naweek vier.

Waarom die verskuiwing van datums en die verskil in tydsberekening?

Paasfees is een van die skuifbare Christenfeeste. Die ander is die Hemelvaart en Pinkster. Laasgenoemde op vasgestelde tydperke (40 dae en 10 dae) na Paasfees. Feeste soos Kersfees vind plaas op 'n vasgestelde datum, soos 25 Desember elke jaar.

Hoe word die datum van Paasfees dan bepaal?

Dit is belangrik om te onthou dat Jesus die Nagmaal ingestel het tydens die viering van die Pasga. Die volgende dag (Goeie Vrydag) het Hy aan die kruis gesterf en drie dae later (Opstanding Sondag) het Hy die dood finaal oorwin. Die ontstaan van die Paasfees is met ander woorde aan die Pasga verbind. Hierdie teologiese band tussen die lam en die Lam is van belang. Die Pasga word tradisioneel deur die Jode gevier op die eerste volmaan na die dag-en-nag-ewening van die son (Die dag waarop die son direk oor die ewenaar is en nag en dag presies ewe lank is). Die Jode het met 'n maankalender gewerk. Die dag-en-nag-ewening vind altyd plaas tussen die 20e en 21e Maart van die sonkalender. Die eerste volmaan na hierdie dag is vasgestel as die dag van die Pasga. Al het dit beteken dat die datums verskil, het die Jode getrou die volmaan na die dag-en-nag-ewening gebruik as Pasga-datum. Christene het vir die eerste drie eeue Paasfees saam met die Pasga gevier, met die verskil dat dit altyd oor 'n Vrydag tot Sondag (Christus het immers op die Sondag opgestaan) plaasgevind het. Die ekumeniese konsilie van Nicea 325 nC het bepaal dat Christene self daardie datum

moet bepaal, deels ook omdat die Christene die Juliaanse kalender (365 dae per jaar in plaas van die maankalender) gevolg het. Die tydverskil tussen sonkalender en maankalender het gemaak dat die volmaan nie elke jaar op dieselfde dag sou val nie. Vandaar die verskuiwings in datum van die Paasaweek. Die Ooste en Weste het in 1054 'n skeiding van die weë beleef met die Patriarg (Griekse Ooste) en die Pous (Latynse Weste) wat mekaar ekskommunikeer (banvloek).

In die 16e eeu het die Weste oorgeskakel na die Gregoriaanse sonkalender (die Juliaanse sonkalender het sekere foute in hom opgesluit).

Die Reformasie het gekom uit die Roomse kerk en daarom is daardie manier van die datum bepaal, oorgeneem. Die Griekse Ooste het die Juliaanse kalender gehandhaaf en die gevolg is dat daar verskille in datums is tussen die twee groepe se berekenings.

Daarmee saam het die Weste besluit om die datum vas te stel op 21 Maart terwyl die Ooste deur middel van sterre observasie die datum van die ewening bepaal.

Dit is die verklaring vir die verskil tussen datums vir die vier van die Paasfees.

Die WRK het nou met 'n voorstel gekom dat die datum universeel vasgestel moet word sodat dit jaarliks op dieselfde datum val.

Die Ortodokse kerk (Oos) was die een wat vervolgd is (onder Islam) en hulle het besluit om vas te hou aan tradisie. Enige besluit om 'n vasgestelde datum voor te skryf, gaan nie die Ooste se steun kry nie. Indien die datum afforseer word, kan daar dalk drie datums wees; die Ortodokse datum, die WRK datum en die datum op die tradisionele Westerse manier uitgewerk.

Die datum van die Paasfees is nie so belangrik soos die vier van die Paasfees nie. Gelowiges moet hierdie naweek koester en getrou in die eredienste wees. Hou die fokus op Christus en wat Hy vir ons gedoen het, op watter datum dit ookal mag plaasvind.

BERIGTE

• **Ottosdal byeenkoms.**

Die gemeenskap van Ottosdal het Woensdag 11 Maart 2015 'n inligtingsvergadering gehou. Prof HG van der Westhuizen en dr J Otto is uitgenooi om die vergadering toe te spreek. Die vergadering was deels gehou in reaksie op die opdrag van die kommissie dat enige verdere vrae (na die byeenkoms van 4 Maart 2015 in die gemeente) met die tug hanteer sal word. Verskeie sake is uitvoerig in die vieruur-lange vergadering aangeroe. Van die sake wat hanteer is, is die Belhar belydenis, Besluit 54, die teologiese opleiding en homoseksualiteit. Almal teenwoordig is dit eens dat die byeenkoms goed afgeloop het en dat die waarheid gespreek is in al die inligting wat aangebied is. Gemeentes en gemeenskappe wat die stilswye opgelê word of wie se predikant en/of kerkraad ly aan stilapie-stuipe, kan gerus Bondspredikante uitnoui om die volle waarheid te kom deel. Kontak dr Otto by 082 767 7891.

• **Regsbyeenkoms**

Predikante en ampsdraers van die meeste Bondsgemeentes het 'n belangrike vergadering gehou op 26 Maart 2015. Die hofsake asook die huidige stand van sake met betrekking tot die regsgeeding is uitvoerig bespreek. Die beleid van die

regspan en die bestuur is om almal betrokke so ver moontlik ingelig te hou. Die situasie het so verander dat hierdie inligtingsessie noodsaaklik geag is.

Lidmate kan navrae doen oor die inhoud van die vergadering, maar word versoek om die inligting vertroulik te hanteer.

Sekere sake moet almal van kennis neem:

1. Die hof het 'n regter aangestel om die sake te bestuur. Regter Fourie het die opdrag gegee dat die partye moet praat en kyk of hulle nie kan skik nie. Dit het nie geluk nie. Na vele briewe is daar besluit dat daar oor 'n enkele saak gepraat sal word. Die hofsake gaan by wyse van 'n aksie beregtig word. Dit beteken daar gaan getuienis gelei word en kruisondervraging plaasvind.
2. Die vordering wat vantevore rapporteer is, is op aandrang van die NHKA ongedaan gemaak tydens die vergadering met regter Fourie. Die regter het daarna beide spanne opdrag gegee om terug te gaan en te gaan dink. Die GHG dink die beste wat kan gebeur, is dat daar 'n skikking bereik word. Die NHKA stel dat eiendomsreg vir hulle so 'n sterk beginsel is dat hulle die saak in die hof beregtig wil hê.
3. Die hofgeding sal nou gaan oor eiendomsreg. Dit beteken dat die ander sake wat voorheen deel van die saak was, eers sal wag. Die hofgedinge gaan met ander woorde baie langer neem as wat baie mense aanvanklik verwag het.
4. Die feit dat eiendomsreg die enigste saak voor die hof sal wees, impakteer op alle Bondsgemeentes wat gebruik maak van eiendomme wat aan verenigings geskenk is, asook alle NHKA gemeentes. Indien die NHKA

gelyk gegee word dat eiendomsreg nie net in die gemeente gesetel is nie, maar dat die AKV of die kommissie deels eienaar is of mede-inspraak het, raak dit selfs die gemeentes waar 100% van die lidmate besluit het om eiendom te skenk.

5. Indien eiendomsreg nie net in die gemeentevergadering gesetel is nie, kan enige gemeente se handeling met eiendom wat nie deur die AKV of die kommissie goedgekeur word/is nie, omgekeer word. Dit sluit alle NHKA gemeentes in (al dink hulle die eiendom behoort aan hulle). Handeling met enige bate word dan gyselaar van 'n buite-party.
6. Die hofgedinge gaan lank neem en baie kos. Alle bydraes tot die regsfonts gaan hoog op prys gestel word.
7. Alle Bondsgemeentes word versoek om te hou by die reëling van die 2e Bondsvergadering. Die versoek is dat 7% van offergawes maandeliks aan die Bond oorbetal word. Gemeentes wat ruim uit ander bronne hulle fondse aansuiwer (basaar, lootjies, besighede en ander) word veroek om 'n gedeelte van daardie voordeel te oorweeg vir die regsfonts. Onthou, indien die regssaak nie plaasvind nie, word alle gelde met rente aan die gemeentes terug betaal.
8. Gemeentes word versoek om alle eiendomstransaksies binne die NHKA na te vors. Daar moet besondere aandag geskenk word aan transaksies waar skenkings plaasgevind het en transaksies wat sonder "toestemming" of teen advies in, voortgegaan het. Al hierdie inligting met name en datums moet aan die regsomitee aangestuur word. Stuur na admin@gelooftbond.co.za.

- **Bloemfontein**

Op Sondag 8 Februarie 2015 is geskiedenis gemaak in die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein. Br Brandon Heymans het op daardie dag die eerste katkisant uit die jong gemeente geword wat openbare belydenis van sy geloof voor die gemeente afgelê het.. Op die foto verskyn vlnr oudl JH (Jack) Bezuidenhout (oudl vir kategese); br B (Brandon) Heymans geb 30 Julie 1997 en ds LJ (Lewis) Strauss. Die teksvers vir die prediking was Jeremia 31 vers 21a: "Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad, op die pad wat jy moet loop."



- **Paasspel te Premiermyn**

Premiermyn gemeente het Vrydag 13 Maart 2015 'n Gemeenskaps-Paasspel aangebied. Dit was 'n wonderlike belewenis vir deelnemers en toeskouers. Die saal was vol en die hele gemeenskap is vol lof. Aan God die eer vir die geleentheid en die sukses.



REGSTELLING

Koersvas redaksie het die volgende brief ontvang en wil graag daarop reageer:

Waarde Heer

Graag versoek ek u om die redakteur van Koersvas 58 daarop te wys dat sy stuk wat die volgende aanhaal "Dit is moeilik om onaangeraak by Auschwitz, Bergen-Belsen of enige van die Nazi konsentrasiekampe te staan. Die vergrype wat daar plaasgevind het, gaan lank in menseheugenis bly vassteek." net propaganda is soos wat ons kan verwag oor apartheid 60 jaar na Verwoerd se dood.

Daar is voldoende bewys dat dit deel van 'n propagandaveldtog is teen die weste en die witman. Dit is jammer dat die redakteur sy onkunde wys deur hierdie propaganda as waarheid voor te hou.

Ek dink die redakteur skuld sy lesers 'n verskoning vir die verwysing daarna. Hy moet weet hy het die saak van die Afrikaner en die onafhanklike Hervormers hierdeur verswak.

Wag graag vir sy antwoord.

Groete

Reaksie: Baie dankie vir die brief. Ons vra om verskoning vir enige verwarring wat dit kon skep. Dit was en is geensins ons doel om ons mense se saak te verswak nie. Dit was ook nie ons indruk nie.

Respekvol wil ons van die lidmaat verskil. Ten opsigte van die historiese gegewens en opinies rondom Auschwitz en ander kampe, is daar uiteenlopende menings waarvan die een is dat daar 'n poging tot volksmoord was. Die propaganda van getalle is doelbewus nie herhaal nie; juis omdat daar duidelike teenargumente rondom getalle is. Die punt wat ons wou maak is dat daar sekere stappe geneem word om volksmoord te kan pleeg. Die blanke, en in besonder die Afrikaner, is in die huidige bedeling aanduibaar die teiken van 'n resepmatige poging tot volksmoord.

Ons mense word in die redaksioneel gewaarsku om dit nie toe te laat of daaraan mee te werk nie.

KENNISGEWINGS

- **Koster se Eisbeinfees**

Koster gemeente hou hierdie naweek van 27-29 Maart 'n Eisbeinfees by Koster dam. Skakel met ds Alberts vir meer inligting 082 851 06391.

- **Koersvas en Die Skietlood**

Lesers wat belangstel om Jaargang 1 asook Jaargang 2 in gedrukte formaat te besit of vir kennisse te gee, kan dit nou bestel by die drukkers. Jaargang 1 kan teen R45 (posgeld uitgesluit) bestel word Die boek bevat al die uitgawes van die eerste jaar. Jaargang 2 kan teen R 60 (posgeld uitgesluit) bestel word en dit bevat Jaargang 2 asook die eerste drie uitgawes van Jaargang 3 (tot Desember 2015). ella@teamworkprinters.com Daar word geen wins met enige van die boeke gemaak nie.

Ons beoog om 'n boekie saam te stel wat bestaan uit die oorspronklike Staat van Belydenis, die artikels in vorige uitgawes van Die Skietlood, asook die laaste sewe uitgawes van Die Skietlood wat in besonder die sewe sake beredeneer. Persone wat belangstel kan ons laat weet. E-pos j.otto@telkomsa.net

- **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer.

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

- **Vaalwater**

Vaalwater gemeente se fonsinsamelingsprojek het as prys 'n CZ550 .375 Holland & Holland geweer. Kaartjies R200 Kontak Hester by rvzguns@telkomsa.net of 0795286712

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by **018 381 1494.**

Fondsinsameling Hervormde Kerk Vaalwater

Wen 'n
CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer
ter waarde van R25000-00

Kaartjies @ R200-00

Kontak Hester by 079 528 6712 of
rvzguns@telkomsa.net vir besonderhede
Kaartjies is ook elektronies verkrygbaar
Trekking vind plaas op 12 September 2015

6

27-29
Maart
2015



KOSTER DAM
EISBEIN
fees

Gratis toegang vir fietswedren
deelnemers en etekaartjie houers

PROGRAM:

Vrydag aand:

Kamp by die dam.
Braai pakkies beskikbaar
met bykosse & sneeple.

Besoek
ons
webblad
om kaartjies
te bespreek

Saterdag :

8:00 Uitdagende Bergfietswedren,
50, 25 & 10 km. (3 km Kiddies ren).
Kontant pryse vir winners.
Medalies vir elke deelnemer.

- Lawendige Musiek
- Watersport
- Pret aktiwiteite
- Toesig vir kinders

Besoek
ons
webblad
vir watter
inskrifings
en fees

Saterdag aand:

18:00 **Eisbeinfees**
in "October Fest" atmosfeer.
Groot markies tente

- Duitse Oompa Band
- Dansbaan
- Spyskaart:
Eisbein, bees & hoender Schnitzel met bykosse.
- Kontant Kroeg

Besoek
ons
webblad
om kaartjies
te bespreek

www.kosterdam-eisbeinfees.co.za

GRATIS
Draught Bier en Beker.

NAWEEK PRET
vir die hele familie

Akkommodasie

Kamp op terrein, Gastehuse,
Logdes & Privaat wonings beskikbaar.
* Deelnemers aan wedren kamp gratis *

vir meer inligting

kontak Louis Alberts 082 851 6391
of besoek ons webblad om
etekaartjies en kampplek te bespreek
of in te skryf vir Bergfietsren

